I E A S A (NOORD): VOORSITTERSVERSLAG GELEWER TYDENS DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 30 AUGUSTUS 2006

I E A S A (NORTH) : CHAIRMAN'S REPORT DELIVERED DURING THE ANNUAL GENERAL MEETING HELD ON WEDNESDAY 30 AUGUST 2006

INTRODUCTION

Dit is vir my vandag 'n besondere voorreg om u almal by die Algemene Jaarvergadering te verwelkom. Die goeie bywoning en belangstelling die afgelope 9 maande getuig dat die Direksie in een van die hoofdoelwitte van die jaar 2005/6 geslaag het, en dit is om die eiendomsbedryf weer kennelik bewus te maak van IEASA se bestaansreg en doel.

A BRIEF HISTORY OF THE INSTITUTE OF ESTATE AGENTS SOUTH AFRICA – "The Voice Of The Industry"

The Institute of South Africa was established over sixty years ago by a dedicated group of Real Estate businessmen whose mission was to achieve identity, recognition and unity. There had been a gathering of Estate Agents of South Africa as far back as 1918 who introduced private land ownership and who laid the foundation for the establishment of the Institute of Estate Agents of South Africa many years later.

The main aims of the Institute were to "protect the interests of Members and to safeguard the public against dishonest and unprincipled practitioners". A national body was formed 18th June 1937. Within a month the Memorandum & Articles of Association were redrafted and endorsed by all Provincial Regions to become the constitution of " The Chartered Institute of estate Agents & Auctioneers of South Africa "

Handed out today are brochures with further details regarding our history as well as documentation for your use.

IEASA NORTH

It was indeed a privilege to have Chaired the Institute of Estate Agents of South Africa – Northern Region as from 3 November 2005, and it gives me great pleasure to report on the activities and achievements during this time.

A New challenge in the Industry was the appearance of N A R E A, a body that believes it is better able to execute the vision of the Real Estate world. Unthreatened by its existence and as always open to new challenges and changes, IEASA National and all of the 8 Regions have banded together in an effort to finding new ways and means to reposition ourselves for even greater heights. This new approach, has enhanced membership and caused a desire amongst estate agents to belong to a strong body capable of representing them at Government level.

Deurlopende druk word deurlopend op Instituut Nasionaal geplaas om te verseker dat korporatiewe bestuur voortdurend hersien en toegepas word. Dr Willie Marais ons streek se verteenwoordiger berig verder dat daar verdere bestudering is van die verslag rakende die Suid Arikaanse Eiendomsagentskapsbesdryf, soos in die vooruitsig gestel deur die Departement van Handel en Nywerheid en die maak van aanbevelings daaromtrent.

Nasionaal se konstitusie is tans hersien en ‘n paar veranderings word voorgestel aan die vergadering vanaad vir goedkeuring. Die Instituut op Nasionale vlak poog voordurend om gesprek met Raad van Eiendomsagente te verbeter en om belangrike sake namens die bedryf duidelik te kommunikeer tot bevredigende resultate /en of optrede tot verandering/s. Baie frustrasies rondom kommunikasie, registrasie prosesse van nuwe agente en ander sake, registrasie en uitslag rondom die Raadseksamen word voordurend onder die aandag van Me Nomonde Mapetla gebring. Nasionaal voer ook gesprek met die stigters van NAREA om gronde van herstel, samewerking en kragtige industrie samewerking te kan bewerkstellig.

During the 1980’s a concerted effort was made to promote the Institute nationally by urging the public to deal with Institute Members. In its efforts to uplift professionalism in the Industry, The Institute and the USA’s National Association of Realtors (NAR) signed an affiliation agreement which runs until 2006. This entitles the Institute access to all NAR’S training courses and educational material.

Instituut Nasionaal hersien tans die ooreenkoms met NAR in die VSA en voorbereiding vir die vernuwing van die ooreenkoms in November 2006 tydens die NAR konvensie.

PORTEFEULJE- Nasionale vertenwoordiger Dr Willie Marais

Dank aan Willie Marais vir sy kennis van die bedryf wat hy altyd mildelik uitdeel en toepaslik maak in die eiendomsbedryf van vandag. Om te verseker dat die Direksie, plaaslik en nasionaal aktief betrokke bly met die gekose doelwitte, is daar ‘n “Balance Score Card” opgestel wat nuwe rigting gekoppel aan resultate sal voortbring uit alle IEASA aktiwitieite

Dr Willie Marais was ook verder betrokke met maand prestasie toekennings, vergaderings waargeneem tydens my afwesigheid, gesprek gevoer met die Stadsraad oor buite reklame borde. Willie het sy taak as streekverteenwoordiger, Vise President met sy alombekende presiesheid uitgevoer.

PORTEFEULJE FINANSIES Rothea Olivier
Bully Smit

Die Voorsitter bedank Bully Smit vir sy bystand in hierdie portefeulje. Dit was ‘n moeilike jaar om al die verpligtinge van uitstaande betalings aan die KOMMISSIE RAAD en bedrae uitstaande aan die Instituut Nasionaal te kon nakom. Die finale uitstaande bedrae sal vroeg in hierdie nuwe jaar afbetaal wees. Nuwe begrotings moes inskop, kreatiewe denke en goeie uitvoering daaraan het verseker dat daar tot op datum genoeg fondse was om verpligtinge stiptelik te kon nakom.
Tot dusver kon ons Noord Streek daarin slaag om al ons verpligtinge te kon nakom en finansieel te kon groei danksy groeiende lidmaatskap, buite reklame inkomste, toename in studente opleiding en ons borge se uitstaande hulp.
Daar word vir die nuwe jaar ‘n streng begroting opgestel vir elke portefeulje tov inkomste en uitgawes.
Instituut Noord bedank Hein Bosch ons rekenmeester vir sy belangsstelling en hulp rondom die jaar 2004/2005 se jaarstate
Die jaar 2005/2006 se state is gereed vir aanbieding vanaad deur Hein Bosch

PORTEFEULJE ADMINISTRATIEWE FUNKSIES Rothea Olivier
Dr Willie Marais

Die Noord Streek het end Januarie 2006 verhuis na die nuwe kantore te Hillcrest kantoor park, Lynnwoodweg, Lynnwood. Die nuwe adres is alom positief ervaar en die beeld van ons Noord Streek is verhoog. Die nuwe kantoor bied ‘n groot opleidingslokaal en wat ook uit verhuur word teen R 500.00 per dag.

‘n Groot leemte rondom die effektiewe betuur van debiteure is aangespreek met die bestuursprogram Contact Manager, geiniseer deur Dr Willie Marais. Die program is geskryf vir ons Streek se behoeftes en opgestel gedurende Maart 2006. Groei probleme is uitgesorteer en die inligting wat ons Noord Streek nou uit die program verkry is akkuraat en kan effektief bestuur word. Debiteure hantering gaan gesien word as ‘n aparte Direkteursportefeulje Die effektiewe bestuur van die debiteure word in die nuwe jaar as ‘n doelwit gestel en gaan ‘n baie groot finansiele inspuiting wees Baie dankie aan Dieter en Willie vir hulle insette rondom die program

PORTEFEULJE – OPLEIDING Diane Svec en Rothea Olivier met die hulp van Loraine Steyn en Bertha Smit

IEASA bied die volgende kursusse met groot sukses en groeiende belangstelling aan

-Basiese bemarkingskursus word aangebied deur van Diane Svec, alombekend vir haar entoesiasme en professionele benadering van die eiendomsbedryf. Die evaluasievorms getuig daarvan dat nuwe agente die aanbieding baie postief ervaar en suksesvol kan toepas.
-Verhuringskursus aangebied deur Ria Viljoen is bygewoon deur …….studente in ….kursus
-Die volgende kursusse trek weer groot getalle onder die bekwame aanbieding van Adv. Louis Taljaard

*Die Raad van Eiendomsagente 4 dag kursus, aanbieding in Afr. en Engels
* Finansiele sakrekenaar
* 3 dag Eiendomspraktyk kursus op die 5 belangrikste besigheidsvlakke(nuut)
*C C I B – Commercial & Industrial B
*Dipp App- 4 modules tot hierdie gewilde Diploma kursus
*C R S –bygewoon deur 95 persone wat met vewagting uitsien na die aanbieding in Junie 2007

Nuwe kursusse vir die volgende jaar aangebied deur bekende geakkrediteerde persone oa van ons beste professore ;
-“Legal Update “ deur Prof Henk Delport
-Hoogs gevorderde aanbiedings oa ‘n Onderhandelingskursus
-Die kriteria vir selektering en aanstelling van agente.
-Die ontwikkeling van personeel en toepassing in die werksplek
-Die ontwikkeling en bestuur van menslike hulpbronne,
-Diploma kursus in Eiendom waardasie

Die Raad van Eiendomsagente se nuwe beleid vir die toekoms word verwelkom deur die Instituut wat homself al die jare beywer het vir ‘n hoe etiese standaard en professionele opleiding aan sy agente. Geluk aan Me Noonde Mapetla en haar bestuurspan vir die insig en daadwerklike verbetering op hierdie opvoedkundige vlak. Die nuwe standaarde van die Raad van Eiendomsagente sal spoedig ongeakkrediteerde opleiers uit die mark verwyder wat outomaties ‘n hoer standaard van opleiding sal verseker.
Die deurlopende opleiding wat agente vanaf 2007 sal moet ontvang om ‘n hernuwing van die Getrouheidsfondssertifikaat te verseker, gaan die publiek bewus maak van die opgeleide en professionele agent en die resultaat ‘n beter beeld van ons bedryf en sy professionele agente.

PORTEFEULJE BUITE REKLAME Dieter Schmidt
Bully Smit

Agt(8) area vergaderings is gehou Sept 2005 en Aug 2006. Bywoning en deelname van deur die area bestuurders was goed.
Die buitelug en Area portefeulje kan nie meer deur slegs een aktiewe Direkteur gehanteer word nie. Daar word voorgestel dat Areas ‘n aparte portefeulje word met elk sy eie Area Direkteur

AREAS

-Centurion
-Ooste,Stad & Weste
-Moot
-Noorde

‘n Finale besluit rondom die vergroting van die huidige Direksie totaal van 8 Direkteure, is ongeveer 1 week gelede deur die Direkteure geneem. Die nuwe Direksie sal op hul eerste vergadering verdere Direkteure koopteer om eienaarskap te neem van baie belangrike take.
Dieter Schmidt het geen steen onaangeroer gelaat om die Stadraad van Tshwane te beindruk met die indrukwekkende elektroniese stelsel om die plasing van borde te moniteer nie. Baie suksesvolle vergaderings is gehou met die Stadraad en ‘n besondere word van dank aan Dr Willie Marais en Bully Smit vir hulle volgehoue ondersteuning en hulp in die verband.

Huidige area bestuurders
-Alf vd Westhuizen: Noord Wes
Victor Scherman
-Chrys Haitas: Noord Oos
Enos Ramaroka
-Christine Kruger: Centurion
-Corlia Goris: Ou Ooste
-Daleen Beukes: Moot
-Fanie Booysen: Noord Oos
-Jerry Ragosi: CBD

Agente regoor Pretoria gee uitstekende terugvoering en Philip Botha – kon onmiddelik teenoor oortreders optree.
Die monitering van borde in die Noorde is puik en daar is sigbare en positiewe resultate. Daar word hard gepoog om al die areas in Pretoria ook spoedig op die vlak van monitering te bring.

Tot op datum is 755 oortredings op die stelsel vasgevang en 6 dagvaardigings is deur die Stadsraad uitgereik.
Maandeliks ontvang die Stadsraad en Area leiers volledige verslag waar verdere opleiding en of inligting aan area agente gegee word.
Sanlam se weiering om aan nie-lede publieke aanspreeklikheidsdekking te gee is deur die Stadsraad aanvaar. Nie-lede moet dekking van R 4 miljoen uitneem en is persoonlik verantwoordelik vir betaling en hantering van enige ongeval wat mag plaasvind.
Spesiale word van dank aan Dieter Schmidt ons Direkteur Buite Reklame vir uitsonderlike werk. Dankie aan Bully Smit wat hom in die verband bystaan.

PORTEFEUJE ETIES Diane Svec

Verskeie sake is onder die aandag van Diane Svec gebring, maar met direkte opvolging, kommunikasie en die aanspreek van die klag/tes kon daar telkens ‘n oplossing gevind word en geen siviele geding het ontstaan of spesiale verhore toegestaan nie.

In die basiese bemarkingskursus is daar ‘n volledige afdeling ingebou wat handel oor die etiese kode van die Raad en die Instituut, die korekte optrede in die markplek en gevolge wat wag op agente wat nie wil hou by hierdie etiese standaarde nie.

Baie dankie aan Diane Scev, reeds in die eiendomsbedryf vanaf 1988, wat haar kennis en insig so uiters effektief toegepas het in hierdie portefeulje. Ons mis jou reeds !! Diane Svec tree uit vanaad na 13 jaar as Instiuut Direkteur.

PORTFOLIO MEDIA Chrys Haitas

Uitstaande werk van Chrys Haitas. Chrys was verantwoordelik vir die bou van ‘n Instituut Noord streek webblad. Doen uself die guns en gaan in op www.ieasanorth.co.za. en sien al die inligting tot u beskikking. Chrys het verder toegesien dat gereelde artikels die lig sien. Sy gaan in die volgende jaar baie nou saamwerk met Kate Colsell van die Instituut Nasionaal om te verseker dat al ons inligting, ons wenners van verskeie kompetisies, nuusbriewe, ens, ens nasionaal gesien kan word.

Dit is die strewe van Chrys om met ons lede in ‘n twee weeklikse nuusbrief te kommunikeer. Die eerste nuusbrief is reeds elektronies versend Vrydag 25 Augustus en die Dinsdag 12 September kan u uitsien na nog ‘n nuusbrief. Chrys met haar kreatiewe en praktiese breinkapasiteit beloof om nog baie “eerstes” aan ons te bring.

Baie dankie aan Chrys wat hard bene gekou het om ons eerste nuusbrief en ons webblad tot op hierdie stadium te bring. Dankie ook aan die mede Direkteure wat altyd hulp en aandag verleen het aan haar vele versoeke.

PORTEFEULJE FUNKSIES: Margie Pienaar

Die doel van die Instituut –Noordsteek se funksies word aangebied op ‘n hoe vlak in uiterse smaakvolle styl. Dit is belangrik om groeiende netwerk geleenthede te skep, ‘n professionele beeld te bou, goeie verhoudinge te handhaaf en verder uit te bou, erkenning te gee aan ons lede, geleenthede te skep saam met ons borge, ens. ens

Margie is die regte persoon om die groot taak -Streek funksies te bestuur. Margie het die taak oorgeneem by Loraine Steyn van ons Streekskantoor ongeveer April 2006. Loraine het nou meer tyd op hande om aandag te gee aan administratiewe sake.
Namens die Direksie wil ek Loraine bedank vir die puik funksie organisering van die verlede. Loraine gaan steeds vir Margie bystaan in menigte van die adminstratiewe take.

Margie se eerste groot funskie Agent van die Jaar het sopas baie suksesvol afgeloop. Agente en gaste, blyk uit waarderingsbriewe, telefoonoproepe en sms’e dit baie te geniet het en sien uit na volgende jaar se Dinee waar nuwe gesigte hul verskyning in die kompetisies gaan maak.

Die Golfdag was ook ‘n reuse sukses en goeie verhoudings is gebou. Op versoek van die Gholfers het die Instituut beplan om twee Gholfdae vir die nuwe jaar aan te bied.

Instituut Noord streek se Lentetee vir agente dames en hul gaste op Vrydag 13 Oktober bring almal in ‘n feestelike stemming. Die oggend beloof om een te wees van pret, pryse puik produkte te koop, lente mode parade, dansers en top kunstenaars. Kuier lekker in hierdie lieflike lente atmosfeer.
Kyk uit vir jou nuusbrief die eerste week van September 2006 met alle inligting en jou uitnodiging. Hoe kan JY dalk die wenner kan wees van ‘n R 6,000.00 spogaandrok deur een van ons voorste modeontwerpers.

Instituutdag 17 November is nuut ! Die eerste van sy soort. Inskrywingsvorm en alle inligting bereik almal 3 de week van September 2006. daar word gepoog om die bywoningstotaal terug te kry op 900 agente vir die oggend. Nuwe meriete vir die verskillende kompetisies is deur ‘n loodskomitee op 25 Mei 2006. Die criteria word uitgestuur aan die loodskomitee vir finale aanvaararding die eerste week van September en word dan uitgestuur per elektroniese pos aan al die lede. Hierdie kriteria is van toepassing op die nuwe jaar se registrasies vanaf 1 September 2006.
Maak seker JY is daar!!

CLOSURE

In closing, I want to thank all the Staff of the Institute's office for all their hard work to ensure growth in this past year. By standing together we have achieved so much more than believed possible.

My sincere thanks go to Piet van Reenen who has decided, that due to his growth plans for his own Company, he is no longer able to serve on the Directorate. It was great to have Piet van Reenen on board as one of the Directors. I am sure that in the future, Piet will make himself available for re-election once again. At such time, the Institute will benefit from his wealth of experience and knowledge of the property Industry in the "Training" Portfolio. Thanks Piet for your time, knowledge and presence.

At this time, I wish to take the opportunity to thank all our loyal Members for placing their trust in the Institute to watch over their future. All of "this" is because of YOU! It is imperative you keep us informed and updated with your feelings and needs and is this manner ensure your part in the continued strong development of this region in the forthcoming year.

On behalf of the Directors who will remain in office for this last year of their term, I extend a hearty welcome to the new Directors.

We believe in our Region's Mission Statement - "it pays to belong". Together we can make a difference to our Members and to our Industry. Let's give of our best!

ROTHEA OLIVIER
CHAIRPERSON 2005/2006